24. Publikasies/Media

24.1 RAPPORT VAN DEPUTATE VIR DIE UITGEE VAN DIE ALMANAK (Artt.77, 146)

A. Dr. S.J. van der Walt stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Publikasies.
C. Ds. T.J. Potgieter rapporteer namens die Kommissie.
D. RAPPORT:
1. Opdrag
Kyk Acta 1994:624
1.1 Om die *Almanak* jaarliks uit te gee met inagneming van die besluite van die Nasionale Sinode.
1.2 Alle reëlings daarvoor te tref.
1.3 'n Persoon te benoem wat Radio- en TV-nuus deur die Deputate vir Radio en TV sal behartig en die naam van hierdie persoon moet aan genoemde Deputate deurgegee word.
1.4 Om 'n ondersoek te doen na die formaat en inhoud van die *Almanak*, ook in die lig van bestaande Sinodebesluite, en indien finansieel haalbaar, daarvolgens aanpassings te maak.
1.5 By die Bybelleesrooster moet voorsiening gemaak word vir Sondae.
1.6 Die status quo word gehandhaaf met betrekking tot die publikasie van die name, telefoonnommers en adresse uit die onderskeie Sinodes.
Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem
2.1 Die *Almanak* het jaarliks verskyn (vgl. Opdragte 1.1 en 1.2). Tenders is jaarliks vir die drukwerk aangevra. Die prys is in die lig van die tenders, BTW en versendingskoste vasgestel. Daar is gepoog om die versendingskoste te besnoei deur die bestellings waar moontlik by die onderskeie Partikuliere Sinodes te besorg. Deur die optimum aantal advertensies word gepoog om die koste van die *Almanak* so laag moontlik te hou. Finansieel kon die *Almanak* winsgewind bestuur word (vgl. Admin. Buro se finansiële state).
2.2 'n Oplaag van 20 000 het jaarliks die lig gesien en dit is die publikasie vanuit die Gereformeerde Kerk met die grootste oplaag.
2.3 Die Skriba van hierdie Deputate het as skakelpersoon met die media opgetree (vgl. Opdrag 1.3).
2.4 Oor die formaat van die *Almanak* (vgl. Opdrag 1.4) word soos volg gerapporteer:
2.4.1 Die koste van die Almanak moes teen die mate van luuksheid opgeweeg word, en daarom het die Deputate besluit om die huidige formaat te handhaaf.

2.4.2 Die volgende aanpassings is egter teen geen ekstra koste nie gemaak: (1) Indien die agterbladadvertensie in kleur is, is gepoog om die kleur ook op die voorblad te reflekteer. (2) Daar is 'n globale en meer logiese hergroepering van inligting gemaak. (3) Die naam van die koster is ingevoeg omdat dit bruikbare inligting is. (4) Die kolom *Kerkblad* verval. Dit het geblyk dat die statistiek met *Die Kerkblad* in die *Almanak* nie korrek was nie, en daarom het hierdie Deputate geoordeel om dié syfer nie te reflekteer nie. (5) 'n Lys van die Nasionale Sinodes en Algemene Sinodes met die *jaar en voorsitter* is op een bladsy gegee (vgl. *Almanak* 1996:20). (6) Met intervalle van 5 jaar is vir die jare 1950-1995 'n grafiese voorstelling gegee wat die volgende reflekteer: Aantal gemeentes, belydende lidmate, dooplidmate, totale lidmate en predikante (vgl. *Almanak* 1996:19).
2.5 By die Bybelleesrooster is voorsiening gemaak vir Sondae (Opdrag 1.5).
2.6 Oor die publisering van inligting uit ander Sinodes die volgende (vgl. Opdrag 1.6): 'n Vereenvoudigde statistiekvorm is in Afrikaans en Engels opgestel. Beskikbare statistiek is wel gepubliseer al was die inligting nie volledig nie. Die saak van die statistiek in die *Almanak* is deur br. Lukas Swart, prof. Herrie van Rooy en korrespondensie onder die aandag van verskillende Sinodes gebring. Die Deputate het gepoog en ook daarin geslaag om die statistiese korrektheid en volledigheid van al die kerke te verhoog.
2.7 Soos elke paar jaar gebruiklik, is in *Almanak 1996* 'n lys gegee van gemeentes met die predikante wat daar gedien het (vgl. *Almanak* 1996:292-307).
2.8 Al die medewerkers, skrywers van artikels, brr. Lukas Swart, Hannes Vorster en sr. Wymie du Plessis word bedank vir hulle insette om elke keer die *Almanak* die lig te kon laat sien.

Besluit: Kennis geneem van die hele punt 2.

3. Sake waaroor die Sinode moet oordeel
3.1 Dat die *Almanak* weer uitgegee word en die Deputate met inagneming van die besluite van die Nasionale Sinode en met byvoeging van die volgende opdragte benoem word.
3.2 Die Bybelleesrooster met dagstukkies:
3.2.1 Dat die Bybelleesrooster in die vorm van dagstukkies uitgegee word waarin die Belydenisskrifte onder andere behandel word.
3.2.2 Dat die invoeg van dagstukkies, nie met prysgawe van die name van ouderlinge en diakens sal wees nie en in gewone lettertipe gedruk sal word.
3.2.3 Dat in die lig van die groter ruimte wat dagstukkies in beslag sal neem die Deputate die sinvolheid van die plasing van artikels in die *Almanak* sal beoordeel om, indien nodig, weg te laat en om eweneens die lengte en hoeveelheid van die nie-gemeentelike

gegewens te beoordeel sodat gegewens van die gemeentes nie in ‘n kleiner lettertipe gedruk hoef te word nie.
3.3 Dat ondersoek ingestel word deur die Deputate na ‘n beter bindproses van die *Almanak* en dat ekstra hardeband *Almanakke* op voorafbestelling gedruk word.
3.4 Die Deputate moet die elektroniese beskikbaarstelling van die *Almanak* ondersoek.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

Nota: Die finansiële state van die Deputate vir die Uitgee van die Almanak is op aanbeveling van die Finansiële Kommissie deur die Sinode goedgekeur.
Die Sinode neem ook kennis dat die *Almanak* gedurende die afgelope jaar ‘n verlies van
R22 848,43 gehad het en opgehoopte fondse verminder het na R1 581.70 .

24.2 RAPPORT VAN DEPUTATE VIR DIE CALVYN-JUBILEUMBOEKEFONDS (Artt.78, 147)

A. Dr. F.R.P. de Bruyn stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word vewys na Kommissie Publikasies.
C. Ds. T.J. Potgieter rapporteer namens die Kommissie.
D. RAPPORT:
1. Opdrag
1.1 Die opdrag aan die Deputate word gevind in die Reglement (vgl. Acta 1982:226, 2.5).
1.1.1 Fondsinsameling in die kerkverband: Omsendbriewe moet aan kerkrade gerig word waarin bydraes vir die CJBF gevra word.
1.1.2 Boeke/voorraad: 'n Lys van boeke in voorraad met pryse moet aan kerkrade gestuur word. Elke kerkraad moet versoek word om 'n skakelpersoon te benoem om die boeke te bemark.
1.2 *Acta 1994:626, 4.1 - 4.4*
1.2.1 Kyk opdrag 1.1.
1.2.2 Om aandag te gee aan die herdruk van luukse en/of klein Psalmboeke en 'n grootdruk Psalmboek.
1.2.3 Om dringend aandag te gee aan die druk van die Koraalboek.
1.2.4 Om aandag te gee aan die uitgee van 'n "Indeks" by die Institusie van Calvyn.
1.3 Acta 1991:674, 2.3.1 "Geskiedenis van Siloam". Die Sinode van 1982, Acta:573, 3.3.1, het aan die Deputate vir Sending en aan die CJBF opdrag gegee om die publikasie uit te gee.

In 1994 was die opdrag nog nie uitgevoer nie aangesien ds. H.A. Louw nog besig was met die opstel van die Geskiedenis. Ons meen die opdrag is in 1994 gekontinueer.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 Kopiereg is aan die volgende persone en instansies toegestaan:

2.1.1 * Tafelberg Uitgewers - Pss 8, 48, 84 en 122: Jubilate - Prof. F.I.J. van Rensburg.

* Human en Rousseau (Edms) Bpk - Ps 8: Woorde wat klink - Nic Swanepoel.

* SA Musiekregte Organisasie - Prof. G.G. Cillie - Pss 6, 13, 25, 38, 91, 98, 100, 102, 130, 136, 142, 146: Afrikaanse Liederewysies.

* UOVS - Dept. Musiek, (Afd. Kerkmusiek) - Ps 33

* Ds. C.J. Malan - Pretoria-Oos: Beryming op disket - elektroniese konkordansie - al die Psalms en Skrifberymings.

* Mnr. H.J. Kleynhans - Koorkomitee Ou Apostel Kerk - 30 Psalms.

* Dr. Bremer - Keuses en Koers, Ps 25:2.

* Voortrekkersangbundel - Pss 23, 33, 48, 100 en 146.

2.2 *TKK Publikasies*

Kennisgewing en stukke van die Tussenkerklike Kommissie met die oog op publikasie is aan die Deputate vir die Hersiening van die berymings van die Psalms deurgegee.

2.3 *Boekevoorraad*

2.3.1 'n Poging is aangewend om publikasies, veral die Institusie van Calvyn te bemark by die NG, NH en die AGS Kerke, asook by Universiteite en Teologiese Skole. Die reaksie hierop was baie swak.

2.3.2 Van die boekevoorraad is 'n lys daarvan saamgestel en die boeke teen 'n verminderde prys aan kerkrade deurgegee. Die reaksie met sekere publikasies was goed.

'n Tweede lys waarin voorraad teen 'n verminderde prys aangebied word, is in 1996 aan kerkrade gestuur met die hoop om van ou voorraad ontslae te raak.

2.3.3 Ten opsigte van Fondsinsameling: 'n Skrywe is in die verband aan kerkrade gerig. U aandag word gevestig op die finansiële state vir dié bedrag wat geïn is.

Besluit: Kennis geneem van die hele punt 2.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 *Die volgende persone/instansies het aansoek gedoen vir die uitgee van publikasies:*

3.1.1 Die Deputate vir die *Almanak*. Die Deputate CJBF is deur bg. Deputate versoek om die artikels wat in die *Almanak* verskyn het, te publiseer.

U Deputate het by die Deputate van die *Almanak* aanbeveel om self 'n indeks te laat saamstel van al die artikels wat reeds verskyn het.

Besluit: Goedgekeur.

3.1.2 Prof. D.C.S. van der Merwe: Prof. Van der Merwe het 'n manuskrip: *'n Derde Kerk (Christus se 1 000 jaar van vrede en vryheid in die Derde Millenium)* vir publikasie voorgelê.

U Deputate het die aanbeveling van twee resensente opgevolg om nie die werk te publiseer nie.

Besluit: Die optrede van die Deputate word goedgekeur.

3.1.3 Prof. P.J. de Bruyn: Prof. De Bruyn het 'n versoek om 'n herdruk van sy boek: "Salf vir die wonde" aan die Deputate gerig.

U Deputate het aan die skrywer berig dat die Deputate vir eers voorkeur gee aan publikasies wat deur die Sinode aan u Deputate opgedra is. Indien die boekevoorraad goed verkoop en fondse hierdeur beskikbaar kom, kan die benoemde Deputate oorweging skenk aan die herdruk van die publikasie uit die pen van prof. P.J. de Bruyn.

(Aan nie een van die versoeke is voldoen nie.)

Besluit: Die optrede van die Deputate word goedgekeur.

3.2 Die volgende publikasies is deur die Deputate CJBF uitgegee:

3.2.1 Indeks by die Institusie van Calvyn (kyk Acta 1994:626, 4.4). Die werk is tans onderweg en sal binnekort afgehandel wees. Oor die uitgee daarvan sal die benoemde Deputate moet kyk na alternatiewe metodes (verskyning).

Besluit: Dat die benoemde Deputate kyk na alternatiewe verskyningsmetodes. Dat geskakel word met Bybelmedia en ander boekwinkels.

3.2.2 Bybelse ABC deur proff. W.J. de Klerk en J.H. van Wyk: Hierdie publikasie is herdruk. Die boekie verkoop goed.

Besluit: Die optrede van die Deputate word goedgekeur.

3.2.3 Jeugsorg (kyk Acta 1994:411). Twee van die publikasies het reeds verskyn. Oor die kopieë wat nog moet verskyn, versoek die Deputate CJBF die Sinode om die uitgawes met die oog op publikasie goed te keur en dit na die Finansiële Kommissie te verwys vir inagneming in die begroting.

Besluit: Die optrede van die Deputate word goedgekeur. Finansiële voorsiening word gemaak vir verdere publikasies.

3.2.4 Geskiedenis van Siloam

Die kopie van die werk is van die Sendingdeputate vir publikasie ontvang. Graag stel die Deputate die werk hiermee aan die Sinode bekend en beskou die opdrag as afgehandel.

Die Sinode spreek 'n woord van dank aan ds. H.A. Louw wat aanvanklik met die werk begin het en prof. B. Spoelstra wat dit voltooi het.

Besluit: Die Sinode betuig sy hartlike dank aan ds. H.A. Louw en prof. B. Spoelstra. Wat die publikasie van hierdie navorsing betref besluit die Sinode: Alternatiewe goedkoper

publikasiemetodes moet ondersoek word. Die manuskrip moet op die besmoontlik wyse bewaar word.

3.3 *Onafgehandelde opdragte*

3.3.1 Oor die uitgee van 'n Koraalboek: Toestemming is van die NG Kerk Uitgewers verkry om die Koraalboek uit te gee en kwotasies is verkry:

Kwotasies: 600 eksemplare = R58 000 + BTW
1000 eksemplare = R65 260 + BTW

3.3.2 Grootdruk Psalms en Skrifberymings

Kwotasies: 600 eksemplare = R25 106.29
1000 eksemplare = R33 074.74

3.3.3 Groot luukse Psalmboeke

3.3.4 Klein luukse Psalmboeke

Die Deputate het besluit om nie voor die Sinode van 1997 oor te gaan tot die druk van enige van bogenoemde boeke nie.

Motivering:

1. Die Deputate moes eers van die gewone hardeband Psalmboeke verkoop om fondse te kry om die drukwerk te kan onderneem.
2. By die opstel van die Rapport was daar nog 9 140 gewone Psalmboeke beskikbaar wat, as dit @ R15 stuk verkoop word, ± 'n bedrag van R137 000 verteenwoordig. Dit sal dus profytlik wees om eers die ou voorraad alles uit te verkoop alvorens 'n nuwe uitgawe van die Psalmboek gedruk word.
3. Die Sinode van 1994 het Deputate benoem vir die hersiening van die Totiusteks, Deputate insake nuwe Skrifberymings en Deputate insake Psalmberymings. Indien hierdie Deputate hulle werk afgehandel het en dit bring heelwat wysigings mee, dan beteken dit 'n vermorsing van geld om nou nog Psalmboeke van die huidige soort en die Koraalboek te laat druk.

Besluit: Die Koraalboek asook geen Psalmboeke word verder gedruk alvorens die Sinode ‘n besluit geneem het ten opsigte van die Totiusteks, nuwe Skrifberyminge en Psalmberymings nie.

3.4 *Finansies*

Die finansiële state van die Totiusfonds en die CJBF is ingesluit in die state van die Administratiewe Buro.

Besluit: Die finansiële state van die CJBF Deputate is op aanbeveling van die Finansiële Kommissie deur die Sinode goedgekeur (Notule art.223).

4. Aanbevelings

Al die onafgehandelde sake word gekontinueer volgens wat die Nasionale Sinode 1997 besluit het.

Besluit: Dat weer Deputate benoem word om al die bogenoemde opdragte uit te voer.

24.3 RAPPORT VAN DEPUTATE VIR EVANGELISERINGSMEDIA (Artt.79, 204)

A. Ds. W.J. Fourie stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Publikasies.
C. Ds. T.J. Potgieter rapporteer namens die Kommissie.
D. RAPPORT:
1. Sake vir kennisname
1.1 *Opdrag* (Acta 1994:626, 26.3, 3.9)
1.1.1 Om Evangelisasielektuur wat reeds in proses is, af te handel en te laat druk, en verdere lektuur volgens behoefte te voorsien.
1.1.2 Om op 'n sinvolle logo te besluit wat op alle lektuur gedruk word. Die Deputate moet met NG Sendinguitgewers onderhandel oor die aanbring van so 'n logo op die GKSA se pamflette.
1.1.3 Om opnuut marknavorsing te doen en te besin oor die beste tegnieke (vorm, styl en inhoud) van die lektuur sodat die Deputate met 'n vars aanslag aan die behoeftes van die kerklose mens kan voldoen.
1.1.4 Om 'n minimum van vier *Quo Vadis* per jaar die lig te laat sien. Die Deputate moet besin oor sinvolle toerustingsmateriaal wat deur die kerke in hulle evangeliseringstaak gebruik kan word.
1.1.5 *Quo Vadis* word voortaan as toerustings- en motiveringsblad op die terrein van Evangelisering aan kerkrade teen R2.50 per eksemplaar per jaar beskikbaar gestel. Daar moet 'n minimum van vier eksemplare per jaar verskyn.
1.1.6 Die brief van ds. Fanie van Rensburg (NG Kerk Durban) met 'n versoek tot vertaling van die Kategismus (Blouboekie) word na die Deputate verwys vir beantwoording asook deurvoering van die versoek by wyse van die vertaling van sowel die *Rooi-* as *Blouboekie* (Heidelbergse Kategismus) in Engels asook die vertaling en publisering in ander tale na goeddunke van die Deputate.
1.2 *Werkswyse*
1.2.1 Tyd
1.2.1.1 Die Deputate het geoordeel dat 'n maand verlof vir die skryf van die materiaal en ander werk van die Deputate onprakties is.
1.2.1.2 Die Deputate het kwartaalliks vir 'n werksessie van drie dae byeengekom om skryfwerk te doen, 'n skrywerskrum en werksvergadering te hou. Persone wat genader is om skryfwerk te doen, is na die byeenkomste uitgenooi.
1.2.2 Tegniese versorging van publikasies
1.2.1.1 Ds. H.J. Vermeulen is gekoöpteer om behulpsaam te wees met die tegniese versorging van publikasies. Dit was 'n beter reëling as om van die NG Sendingpers afhanklik te wees vir die tegniese versorging. Ander lede van die Deputate was behulpsaam met die taak.

1.2.2.2 Ten einde self die verantwoordelikheid vir die tegniese versorging te neem, het die Deputate 'n sagtewareprogram (Coral Draw) aangekoop.

1.2.3 Opleiding

1.2.3.1 Bultfontein: Dr. Ockie Erasmus en ds. Johan Botha van die NG Sendingpers het die opleiding aangebied. Die Deputate en verskeie ander broeders uit die kerkverband het die sessie bygewoon.

1.2.3.2 Gauteng: Bogenoemde persone het ook 'n opleidingsessie in Gauteng aangebied. Dit is ongelukkig swak bygewoon.

1.2.4 Samewerking met Pro Christo Uitgewers

Daar was hartlike samewerking met Pro Christo Uitgewers by opleiding, drukwerk en marknavorsing.

1.3 *Lektuur versprei (Opdrag 1)*

1.3.1 Die volgende lektuur is voorberei en versprei

1.3.1.1 Jehovagetuies
1.3.1.2 Het hulle jou ook beetgekry?
1.3.1.3 Turksvye het dorings
1.3.1.4 Die Quijabord
1.3.1.5 Laat staan die rusie
1.3.1.6 Die Bybel is 'n wonderwerk
1.3.1.7 Gekoop om gerestoureer te word
1.3.1.8 Die Ewige Lewe (reeks van 3)
1.3.1.9 The story of Masitole
1.3.1.10 Where does the world come from?
1.3.1.11 Pasop - hulle lyk so vriendelik (kultusse)

1.3.2 Lektuur in proses

Die volgende lektuur was ten tye van die opstel van die Rapport in proses van afhandeling:

1.3.2.1 Gesensor (slegs vir witmense)
1.3.2.2 I used to be religious
1.3.2.3 Van nou af

1.3.3 Reklamering van lektuur

Lektuur is gereklameer deur *Die Kerkblad* en skrywes aan kerkrade en Klassisse.

1.4 *Logo (Opdrag 2)*

1.4.1 Ds. H.J. Vermeulen het die logo ontwerp en dit is op lektuur aangebring.

1.5 *Marknavorsing (Opdrag 3)*

1.5.1 Die Deputate het in 'n skrywe aan kerkrade die behoeftes van Gereformeerde Kerke sowel as literatuur wat kerke beskikbaar het gevra na.

1.5.2 Daar is ook gebruik gemaak van die marknavorsing van Pro Christo Uitgewers.

1.6 *Besinning oor beste tegnieke en vars aanslag (Opdrag 3)*

1.6.1 Die Deputate se besinning kan as volg saamgevat word:

1. God is deur sy Gees self die subjek wat die Evangelie uitdra
2. God gebruik mense om die Evangelie oor te dra - die gelowiges is God se evangeliseringsmedia
3. Gelowiges moet toegerus word om die Woord te **hanteer** (verstaan die Woord)
4. Gelowiges moet toegerus word om die Woord te **implementeer** (pas die Woord toe)
5. Gelowiges moet toegerus word om die Woord te **modelleer** sodat ander hulle kan navolg
6. Lektuur (selfs die wat op die behoeftes van die kerklose fokus) moet die **gelowige in staat stel** om daarmee te evangeliseer. Daar behoort riglyne te wees vir die volgende vrae:
- Hoe hanteer ek die stof?
- Hoe hanteer ek die kerklose mens.
7. Die **visie** is evangeliserende Gereformeerde mense/kerke.

1.6.2 Daar is gepoog om alle pamflette te meet aan bogenoemde besinning.

1.7 *Quo Vadis (Opdrag 4)*

1.7.1 Strategiese plan vir *Quo Vadis*

Daar is op grond van bogenoemde besinning en die opdrag om te besin oor sinvolle toerustingsmateriaal wat deur kerke in hulle evangeliseringstaak gebruik kan word, die volgende strategiese plan vir *Quo Vadis* geïmplementeer.

1.7.1.1 Visie

Om elkeen van ons, as individue en in gemeenskap met mekaar, volkome voor te berei en toe te rus vir ons evangeliseringstaak. God doen dit deur ons met sy geïnspireerde Skrif in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n evangeliserende lewenswyse te kweek (2 Tim 3:16, 17).

1.7.1.2 Aksie

Verskeie skrywers is genader om in lyn met die visie die volgende temas te hanteer.

Tema 1: **Ek WIL in Christus na die wêreld uitreik!**

Quo Vadis 1: Vertel vir almal: God is groot!

Quo Vadis 2: God het na my uitgereik - Hy reik deur my na ander uit!

Quo Vadis 3: God se kerk groei - in kwaliteit en kwantiteit!

Quo Vadis 4: "...krag om te getuig..."

Quo Vadis 5: "Die Kerkraad besluit om die gemeente te lei om meer en meer 'n evangeliserende gemeente te wees."

Tema 2: Meer as woorde...

Quo Vadis 6: "...'n vriend van tollenaars en sondaars..."

Quo Vadis 7: "...en maak hulle my dissipels..."

Tema 3: Het jy die goeie nuus gehoor?

Quo Vadis 8: Evangeliserende prediking

Quo Vadis 9: Evangelie visueel verduidelik
Quo Vadis 10: "Aanvaar jy sy genade?"
Quo Vadis 11: Gevallestudies
Tema 4: God se gemeente - iewers om tuis te kom
Quo Vadis 12: Geloofsgemeenskap waarin ek tuiskom
Quo Vadis 13: Erediens waar ek God ontmoet - na Hom luister en Hom aanbid
Quo Vadis 14: Geloofsonderrig wat opbou

1.7.2 Bekendstelling van Quo Vadis

Die *Quo Vadis* is op die volgende wyses bekendgestel
- deur *Die Kerkblad*
- 'n gratis eksemplaar aan elke predikant.

1.7.3 *Quo Vadis* in kursusvorm

1.7.3.1 Motivering: Om die implementering van *Quo Vadis* te bevorder het die Deputate besluit om dit eksperimenteel in die vorm van 'n kursus aan te bied.

1.7.3.2 Kursus 1: Daar is in Bloemfontein 'n kursus met *Quo Vadis* 1 en 2 as inhoud aangebied op 8-10 September 1995.

1.7.3.3 Kursus 2: *Quo Vadis* 3 en 6 is ook tydens 'n kursus in Bloemfontein aangebied op 3-5 Mei 1996.

1.8 *Vertaling van Rooi- en Blouboekie (Heidelbergse Kategismus) (Opdrag 5)*

Die *Blouboekie* is reeds vertaal deur dr. Gert Coetzee van Pretoria. Ten tye van die opstel van die Rapport was dr. Coetzee met die *Rooiboekie* besig en onderhandelinge met **Lux Verbi** was aan die gang vir die uitgee van die *Rooi-* en *Blouboekie* in Engels.

1.9 *Finansies*

1.9.1 Koste van *Quo Vadis*

1.9.1.1 Die Deputate het die Sinode se formulering teen R2.50 per eksemplaar per jaar geïnterpreteer as R2.50 vir elkeen van die vier eksemplare wat per jaar verskyn.

1.9.1.2 In Julie 1995 het die Deputate (op grond van navrae oor die prys van *Quo Vadis*, die werklike koste van die druk en die verspreiding van *Quo Vadis* en met inagneming van opgehoopte fondse) besluit om die *Quo Vadis* vir R1 per eksemplaar beskikbaar te stel.

1.9.2 Koste van pamflette

Pamflette is teen drukkoste, die hanteringskoste van die Admininistratiewe Buro en die posgeld versprei.

1.9.3 Jaarlikse spesiale kollekte

Die Deputate het geoordeel om in die lig van die opgehoopte fondse nie die las van 'n spesiale kollekte op die kerke te plaas nie.

1.9.4 Subsidiëring van 'n Kategismusverklaring in Tswana

Die Deputate was behulpsaam met die daarstelling van 'n Kategismusverklaring in Tswana en het die publikasie met R7.00 per eksemplaar gesubsidieer.
1.9.5 Die finansiële state is in die verslag van die Admininistratiewe Buro opgeneem.

Besluit: Van die hele punt 1 word kennis geneem.

2. Sake om oor te besluit

2.1 *Quo Vadis*

2.1.1 Daar word voortgegaan met *Quo Vadis* as 'n toerustings- en motiveringsblad vir evangelisering.

Besluit: Afgekeur. Te benoeme Deputate moet nuut besin oor die temas, inhoud en gerigtheid van die blad sodat dit onmiddellik ‘n duidelike Bybelse aanslag en appèl op die ongelowige/buitekerklike leser se gewete sal maak.

2.1.2 Daar word vier eksemplare per jaar versprei teen so na as moontlik aan die kosprys.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 *Lektuur*

2.2.1 Daar word voortgegaan met die beskikbaarstelling van lektuur volgens die apologetiese, evangeliserings-, en toerustingsbehoeftes van die kerke.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.2 Lektuur word teen so na as moontlik aan die kosprys versprei.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 *Deputate*

2.3.1 Deputate word weer uit een omgewing aangewys.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.2 Kerkrade van Deputate word versoek om hulle predikant een week per kwartaal los te maak vir die werk van die Deputate.

Besluit: Afgekeur.

2.3.3 Daar word 'n markverwante tantieme oorweeg vir skrywers wat nie deel van die Deputategroep is nie.

Besluit: Afgekeur.

2.4 *Besinning*

2.4.1 Die Sinode keur die besinning van die Deputate (1.8.1) goed as riglyn vir toekomstige werkswyse van die benoemde Deputate.

Besluit: Kennis geneem.

2.5 *Hulp aan kerke om te groei in hulle evangeliseringstaak*

2.5.1 Die Deputate soek verdere metodes en implementeer dit om kerke behulpsaam te wees om te groei in evangelisering.

Besluit: Afgekeur. Die Senaat van die TSP word versoek om die hele saak van voortgesette opleiding in motivering, metodiek, toerusting en implementering vir die taak van evangelisering te ondersoek sodat die resultate voortdurend as

hulp vir plaaslike kerke, predikante en lidmate aangebied kan word.

2.5.2 Die volgende metodes kan oorweeg word

2.5.2.1 Die aanbied van kursusse met as inhoud reeds gepubliseerde en toekomstige *Quo Vadis*-uitgawes.

2.5.2.2 Die stig van 'n werkgemeenskap vir Evangelisering.

2.5.2.3 Die samewerking met die Werkgemeenskap vir Gemeentebou.

2.5.2.4 Die identifisering en benutting van kundiges om kerke van advies te bedien.

Besluit: Punte 2.5.2.1 tot 2.5.2.4 verval in die lig van die besluit geneem by 2.5.1 hierbo.

2.6 *Verdere besluite:* (Bygevoeg deur die Sinode na aanleiding van die Kommissierapport - Deputate Handelinge)

2.6.1 Behalwe die opdragte waaroor die Sinode hierbo reeds besluit het, kry die Deputate die volgende opdragte:

2.6.1.1 Uitstaande lektuur (vgl. 1.3.2 van die Rapport hierbo) en uitgee van die Rooiboekie en Blouboekie (HK) (vgl. 1.8 van die Rapport hierbo) moet afgehandel word.

2.6.1.2 Daar word begroot vir die druk van 4 *Quo Vadis* uitgawes per jaar oor die volgende drie jaar en die druk van lektuur.

24.4 RAPPORT VAN DEPUTATE VIR DIE UITGEE VAN DIE HANDELINGE (Artt.82, 148)

A. Ds. D. Postma stel die Rapport.

B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Publikasies.

C. Ds. T.J. Potgieter rapporteer namens die Kommissie.

D. RAPPORT:

1. Opdrag

Die opdrag is vervat in Handelinge 1994:631.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 Die Handelinge van die Sinode in 1994 is uitgegee volgens die handleiding wat deur die Sinode van 1985 vasgestel is (Acta 1985:51-53).

2.2 *Volgens vorige Sinodebesluite is die volgende sake verdiskonteer:*

2.2.1 Handelinge 1994 is van 'n alfabetiese indeks voorsien, asook 'n register van artikels voor in die Handelinge soos wat dit in volgorde op die Sinode gedien het (Acta 1994:630, 631).

2.2.2 Die tersaaklike Notule-artikels is by elke saak aangedui (Acta 1994:630).

2.3 Hierdie Deputate het artt. 213 tot 242 van die Notule van die Sinode van 1994 nagegaan en goedgekeur (Acta 1994:31, 631).
2.4 Dr. C.J. Malan (voorsitter van Sinode 1994) is deur hierdie Deputate gekoöpteer.
Besluit: Kennis geneem van punt 2.

3. Aanbevelings
3.1 Die Sinode benoem weer Deputate vir die uitgee van die Handelinge volgens die riglyne van Sinode 1985 (Acta 1985:51-53).
Besluit: Goedgekeur.
3.2 *Die Sinode begroot vir die volgende uitgawes:*
3.2.1 Koste verbonde aan die publikasie van die Handelinge.
3.2.2 Fondse vir plaasvervangende dienste in die kerke waaraan die Deputate verbonde is.
3.2.3 Fondse vir taalkundige versorging.
3.2.4 Reiskoste vir Deputate.
Besluit: Goedgekeur.
3.3 Die elektroniese beskikbaarheid van die Handelinge moet ondersoek word.
Besluit: Goedgekeur.

24.5 RAPPORT VAN DEPUTATE VIR KERKLIKE TYDSKRIFTE (Artt.83, 199, 201, 203)

A. Dr. H.G. Stoker stel die Rapport.
B. **Besluit:** Punt 3.2 van die Rapport word goedgekeur. Die Ordekommissie tref die nodige reëlings vir die oorhandiging van ‘n Oorkonde aan prof. P.W. Buys. Die res van die Rapport word verwys na Kommissie Publikasies.
C. Ds. T.J. Potgieter rapporteer namens die Kommissie.
D. RAPPORT:
1. Opdrag
Vergelyk Acta 1994:631-639, veral 637-639.
Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem
2.1 *Algemeen*
2.1.1 Die Deputate het gekonstitueer soos die Sinode 1994 die Deputate benoem het.
2.1.2 Met groot dankbaarheid kan gemeld word dat al die tydskrifte sonder uitsondering gereeld verskyn het.
2.1.3 Volgens besluite van vorige Sinodes het die Deputate verskillende Kommissies saamgestel ten einde die tydskrifte te beheer en uit te gee. So is daar vir *Die Kerkblad*, *Die Gereformeerde Vroueblad* en *Die Slingervel* Redaksiekommissies

aangewys, asook 'n Bemarkingskommissie vir die bemarking van al die tydskrifte. Vir *Ons Bondsjeug* is daar slegs 'n redakteur aangewys.

2.1.4 Met dankbaarheid kan getuig word dat daar besondere goeie samewerking tussen die Redaksiekommissies onderling is asook met die personeel van die Administratiewe Buro en die Herald Drukkery.

2.2 *Die Kerkblad*

2.2.1 Samestelling

Die Redaksiekommissie van *Die Kerkblad* bestaan uit die volgende lede: proff. P.J. de Bruyn (voorsitter), G.J.C. Jordaan (redakteur), mev. J. Fourie (skriba), drr. H.G. Stoker, I.L.J. van Vuuren, C.F.C. Coetzee en S.J. van der Walt.

2.2.2 Vergaderings

Die Redaksiekommissie het sedert die vorige Sinode normaalweg maandeliks vergader en die opdrag van die Deputate uitgevoer om *Die Kerkblad* 2 keer per maand uit te gee. In sy werksaamhede het die Redaksiekommissie onder andere aan die volgende sake aandag gegee:

2.2.2.1 Gedenkuitgawe 125-jarige bestaan van die PU vir CHO en die Teologiese Skool

Hierdie uitgawe het op 7 September 1994 verskyn, en is oor die algemeen baie goed ontvang.

2.2.2.2 Tegniese versorging van *Die Kerkblad*

Gedurende hierdie tyd is 'n nuwe rekenaar vir *Die Kerkblad* se kantoor aangeskaf asook geskikte programmatuur vir die uitleg van die blad. Daar is reeds begin met wysigings aan die uitleg van die blad. Dit word oor die algemeen positief deur die lesers ervaar.

2.2.2.3 Voorblaaie

Sedert November 1995 het *Die Kerkblad* 'n nuwe voorbladvoorkoms. Hartlike dank word gerig aan Daleen Steyn vir die ontwerpe van die voorblad.

Besluit: Kennis geneem van pte.2.1.1. tot 2.2.2.3.

2.2.2.4 Temas

Sedert die begin van 1995 word die eerste uitgawe van elke maand aan 'n spesifieke tema gewy. Besonder positiewe reaksie word hierop ontvang. Dit blyk dat die bemarking van *Die Kerkblad* hierdeur vergemaklik word. Die voorblaaie van die tema-uitgawes is gewoonlik (en waar moontlik) verbind aan die tema. Temas wat reeds behandel is, is die volgende: die media, arbeid, die charismatiese beweging, die erediens, ander (valse) godsdienste en sinkretisme, seksualiteit, die huwelik, egskeiding, huisbesoek en huisgodsdiens, evolusionisme, kerklike feesdae, die jeug, gebed, die onderwys, lewe na die dood, hemel en hel. Nuwe voorstelle vir temas sal verwelkom word.

Besluit: Kennis geneem van temas wat reeds behandel is en ook dat ‘n vraelys ten opsigte van nuwe voorstelle vir temas reeds tydens die Sinodesitting voltooi is.

2.2.2.5 Gemeentebeelde

Die Redaksiekommissie plaas, soos in die verlede, van tyd tot tyd gemeentebeelde. Dit bestaan normaalweg uit die volgende: 'n foto van die betrokke kerkgebou, 'n oordenking deur die predikant en 'n algemene artikel (met foto's) oor die spesifieke gemeente. Die ervaring is dat die gemeentes spontaan hierdie inligting verskaf.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.2.6 Ander inhoud

Soos in die verlede kry aktuele sake oor 'n breë spektrum aandag in *Die Kerkblad*. Die beleid van *Die Kerkblad* is steeds om Bybelse perspektief oor sake van aktuele belang te bied. Verder word daar ook aandag gegee aan algemene gemeente en kerklike nuus en korrespondensie. Daar word ook in elke uitgawe 'n Bybelstudie geplaas. Hierop word baie positiewe reaksie ontvang.

Besluit: Met dank kennis geneem van die positiewe reaksie.

2.2.2.7 *Die Kerkblad* by PNA

Ondersoek is ingestel om tema-uitgawes ook in boekwinkels bekend te stel. 'n Proeflopie is gedoen by PNA in Flora Centre, Florida, en 'n aantal eksemplare van *Die Kerkblad* se tema-uitgawes is aan hulle gestuur. Tans lyk dit nie of die verkope baie goed is nie.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.2.8 Die Skriba en mnr. H.S.J. Vorster het 'n ander drukker in Pretoria vir 'n kwotasie genader. Dit wil tog blyk asof plaaslike drukkers geriefliker sal wees. Die *Herald Drukkery* is intussen aan Nasionale Pers verkoop.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 *Die Gereformeerde Vroueblad*

2.3.1 Redaksiekommissie

Mevv. Ansie du Plessis (voorsitster/redaktrise), Louisa van der Walt (sekretaresse), Rinske Vreken, Mariana Venter, prof. Jacques van der Elst, en ds. Dirk Laufs.

2.3.2 Vergadertye

Die Redaksiekommissie van *Die Gereformeerde Vroueblad* vergader tweemaandeliks.

2.3.3 Inhoud

Die Gereformeerde Vroueblad bevat maandelikse rubrieke gerig op die vrou en die gesin, wat die volgende insluit: Skrifoordenkings, kwelvrae uit die Bybel, gemeentebedrywighede en susteraktiwiteite, nuuswaardige geleenthede op kerklike terrein, saamtreknuus en bekendstelling van diensorganisasies soos: Bandhulp vir Blindes, Radiokansel, FAMSA, ens. Daar verskyn ook artikels oor geloofsversterking en verdieping, aktuele sake, onderwys en

opvoeding, sosiale probleme, die huwelik en gesin, harde realiteite waarmee vroue te doen kry, sketse, ensovoorts.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.4 Werkwyse

Sedert 1993, het die Redaksiekommissie in toenemende mate van nuwe tegnologie gebruik gemaak om die blad die lig te laat sien. Dit het gevolglik ook 'n baie groter werklas op die Redaksiekommissie gelê.

Die Redaksiekommissie het reeds 'n versoek aan die Deputate vir Kerklike Tydskrifte gerig om die huidige situasie te ondersoek en die nodige bystand te verleen. 'n Netelige situasie het ontstaan aangesien die redaksionele eise wat gestel word, inbreuk maak op hul beroepsarbeid en huislike lewe. 'n Spoedige oplossing sal gevind moet word.

Besluit: Kennis geneem. Sien verder besluit hieronder by opdrag aan te benoeme Deputate.

2.3.5 Kommunikasie, reklame en bemarking

Die Redaksiekommissie huldig 'n beeldboubeleid en glo aan goeie kommunikasie. Nuwe intekenare word per brief verwelkom, navraag gedoen oor die rede vir kansellasies waarna hulle aangemoedig word om weer in te teken.

Gereelde skrywes word ook aan voorsitters van susters gerig om sodoende ons intekenaartal te probeer verhoog. Met die laaste projek is 513 nuwe intekenare gewerf en ook meer as R9 000 (Saamtrekdonasies ingeslote) geïn. Die bedrag wat in die 1995-96 boekjaar vir *Bladbouers* geskenk is, is alreeds 'n paar duisend Rand meer as dié van die vorige termyn.

Meningspeilings en evalueringsprojekte word gereeld gedoen. Die respons word statisties bereken en so gou doenlik geïmplementeer. Met die laaste meningspeiling wat tydens die jaarlikse Sustersaamtrekke (Maart 1996) gedoen is, is 10 000 evalueringsvorms versprei, waarvan 25% reeds terug ontvang is. Alhoewel die steekproef nie heeltemal objektief was nie, is dit tog beduidend dat 99% van die respondente positief gereageer het. Die Redaksiekommissie is innig dankbaar vir die aanmoediging en onderskraging.

Besluit: Met dank kennis geneem.

2.3 6 Saamtrekke

Die Redaksiekommissie organiseer die Sustersaamtrekke sedert 1993. Mev. Rita Steyn, predikantsvrou van Benoni-Noord, is benoem om as koördineerder op te tree. Nuwe streekindelings is gedoen. Daar was hierdie jaar (1996) 17 saamtrekke wat deur ongeveer 4 000 vroue bygewoon is. Die organisasie het vlot verloop en die terugvoer wat ontvang is, was uiters positief.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.7 Halfeeufeesjaar

2.3.7.1 Feesuitgawe

Die Gereformeerde Vroueblad het in 1996 haar vyftigjarige bestaan herdenk. 'n Feesnommer van meer as dubbel die aantal bladsye het in Juniemaand verskyn.

2.3.7.2 Halfeeufeesprojek

In 'n poging om hierdie feesvreugde landswyd uit te dra, is die projek *Kanselklanke* geloods. Die doel van die projek is om preke van Gereformeerde eredienste op band vas te lê en aan verspreidwonendes (en op ander plekke waar nood is) te versprei. Ons bede is dat hierdie uiters noodsaaklike projek wye steun sal ontvang en spoedig 'n offisiële tuiste by die Administratiewe Buro sal vind.

2.3.7.3 Toekomsbede vir *Die Gereformeerde Vroueblad*

Mag die geklank van Gereformeerde preke op band spoedig tot in die verste uithoeke van ons land weerklink! Mag *Die Gereformeerde Vroueblad*, soos die afgelope 50 jaar, steeds koersvaste leiding uit die Woord gee. Tot nou toe het die Here ons gehelp, mag Hy ons ook die volgende 50 jaar dra.

Besluit: Kennis geneem.

2.4 *Ons Bondsjeug*

2.4.1 Met groot dank teenoor die redakteur, dr. S.J. van der Walt, kon *Ons Bondsjeug* gereeld maandeliks as jeugbylae van ongeveer 8 bladsye in *Die Kerkblad* verskyn.

2.4.2 *Ons Bondsjeug* is as jeugbylae in *Die Kerkblad* daarop ingestel om geestelik opbouende leesstof aan ons jongmense te verskaf. Met elk van die 36 uitgawes die afgelope drie jaar is gepoog om aan die vereistes van eenvoud, aktualiteit en sprankeling te voldoen. Nuusgebeure oor jeugaktiwiteite is met foto's gereeld geplaas sodat ons jongmense ook bewus kan wees van die verskeidenheid jeugaktiwiteite wat aangebied word. *Ons Bondsjeug* is opreg dankbaar vir die maandelikse ruimte van 8 bladsye in *Die Kerkblad*, asook vir die leiding van die Redaksiekommissie en die Deputate vir Kerklike Tydskrifte.

Besluit: Met dank kennis geneem.

2.5 *Slingervel*

2.5.1 Prof. P.W. Buys is reeds 30 jaar lank redakteur van hierdie Christelike maandblad vir kinders. Die Deputate het hoë waardering vir die uitnemende gehaltewerk wat die redakteur oor so 'n lang tydperk gedoen het. As blyk van waardering het die Deputate besluit om 'n tasbare blyk van waardering aan professor Buys te oorhandig.

2.5.2 Die blad het gereeld maandeliks verskyn. Br. Natie van Vuuren is benoem om die Redakteur by te staan.

2.5.3 Daar is steeds getrag om van die blad 'n Christelike maandblad vir kinders te maak. Behalwe vir godsdienstige leesstof, is daar ook ander leesstof met 'n Christelike strekking aangebied. Daar is ook getrag om 'n balans tussen feite en fiksie, stof vir verskillende leeftydsgroepe, vervolgstof en eenmalige stof, die geskrewe woord en illustrasies, pennevrugte van lesertjies, blokkiesraaisels, anagramme, kopkrappers, vasvrae, 'n rubriek vir penmaats en inkleurprente vir kleuters te handhaaf.
2.5.4 'n Radiopraatjie deur prof. P.W. Buys in die program *Kollig op die Kerk* het binne een maand 'n pragtige oes van 268 nuwe intekenare opgelewer.
2.6 *Bemarkingsaangeleenthede*
2.6.1 Samestelling
Prof. J.H.P. van Heerden is as lid van die Deputate vir Kerklike Tydskrifte op 26 Januarie 1994 versoek om verantwoordelikheid te aanvaar vir die bemarking van die kerklike tydskrifte. Die Bemarkingskomitee bestaan verder uit: proff. W. Viviers en F.H.S. Steyn, asook sr. Melanie van der Walt (Johannesburg).
2.6.2 Opdrag
Die afwaartse tendens in die intekenare van die drie kerklike tydskrifte moet gestop en omgedraai word.
2.6.3 Werkswyse
2.6.3.1 Terugskakeling
'n Vorige Komitee het 'n ondersoek gedoen na die redes waarom die intekenare daal. Dit is volledig gedokumenteer in die verhandeling van sr. Martie Botha (neé Temmingh).
2.6.3.2 Vraelyste en komplimentêre Psalmboeke/Bybels Die nuutaangestelde Komitee was van oordeel dat daar heelwat bruikbare resultate in die verhandeling is, maar dat aangesien die vraelyste via kerkrade ingevul is, die moontlikheid van eensydigheid tog ter sprake kan kom.
Teen dié agtergrond is die vraelyste nuut saamgestel en die statistiese kundigheid van prof. Steyn en praktiese ervaring en aanslag van sr. M. van der Walt was van onskatbare waarde. Die vraelys is verkort en die kanse van sydigheid is geminimeer deurdat die vraelyste tesame met 'n aantal Kerkblaaie (die ondersoek sou eers rondom veral *Die Kerkblad* sentreer) na gemeentes geneem waar groot konsentrasie van studente is wat dit na hul ouerhuise sou neem. As tussentydse poging om nuwe intekenare te werf, is die aanbod van vry Psalmboek/Bybel gemaak vir elke nuwe intekenaar.
Die respons op die vraelyste was so swak dat geen wetenskaplike statistiese afleidings gemaak kon word nie.
2.6.3.3 Identifisering van skakelpersone en verskeie briewe
'n Volgende poging was om in elke Klassis 'n predikant te identifiseer wat die saak van die kerklike tydskrifte ook sy erns

maak. Hierdie predikante sou as skakelpersone tussen die Bemarkingskomitee en ander predikante van die Klassis optree. Die predikante sou weer die skakeling na die lidmate wees.
Prof. P.J. de Bruyn het aan elke kerkraad en predikant onder sy persoonlike handtekening geskryf om die saak van die kerklike tydskrifte met groot erns aan die gemeente deur te gee. Dit kon ook bykomstig via die gemeentes se nuusbriewe geskied. Prof. De Bruyn het ook persoonlike kontak met die Klassis-skakelpersone gemaak.
Volgens navrae wat lede van die Deputate direk aan lidmate gerig het, blyk dit dat die reaksies van die kerkrade nie altyd getuig van 'n besondere entoesiasme om die saak van die kerklike tydskrifte daadwerklik te bevorder nie. Dit is met dank aan God dat ons moet getuig dat daar wel sommige predikante en kerkrade is wat groot erns en opofferings maak om die saak van die kerklike tydskrifte te bevorder. Langs hierdie weg wil ons diesulkes bedank.

2.6.3.4 Verdere inisiatiewe

In 'n poging om die saak van kerklike tydskrifte verder te bevorder, is die volgende vir die laaste sewe maande van 1996 in die werk gestel:
Briewe word aan intekenare gestuur wat

- nie hulle intekengeld betaal nie. 'n Eerste brief herinner hulle dat betaal moet word. 'n Tweede brief verneem na die omstandighede wat aanleiding gee tot niebetaal nie. Indien geen reaksie na die twee briewe ontvang word nie, word die betrokke predikant gevra om behulpsaam te wees. Sou dit blatante weiering wees om te betaal, word dit geag as 'n oortreding van die Agtste gebod. Indien dit weens 'n gebrek aan geld is, sal daar in samewerking met die betrokke kerkraad reëlings getref word
- kanselleer. Indien die rede 'n gebrek aan fondse is, sal daar in oorleg met die betrokke gemeente 'n oplossing gesoek word. Sou dit ander redes wees, sal die Redaksiekommissie daaraan aandag gee.

Dit het onder die aandag van die Bemarkingskomitee gekom dat 'n hele aantal predikante nie ingeteken is op *Die Kerkblad* nie. Aangesien die benadering van die predikant tot kerklike tydskrifte 'n dominante invloed het op die lees van kerklike tydskrifte deur lidmate, is besluit om vir 'n periode van drie maande gratis eksemplare van *Die Kerkblad* aan die predikante te stuur. Hierna sal hulle versoek word om in te teken. Indien hulle nie wil nie, sal daar na die redes gevra word.
'n Groep wat die breë samestellings met gemeentes verteenwoordig, sal gevra word om die voorgestelde temas van die Redaksiekommissie van *Die Kerkblad* te evalueer en met voorstelle en verdere temas te kom.
Temas sal op 'n gereelde basis in *Die Kerkblad* gepubliseer word. Indien daar meer Kerkblaaie oor 'n spesifieke tema benodig word, kan daar vroegtydig meer bestel word.

'n Beoordelingsgroep wat weereens die breë samestelling van lidmate verteenwoordig, sal hoogstens twee keer per jaar *Die Kerkblad* moet evalueer. Hierdie beoordelaars sal oor die hele SA verspreid wees.
Binne in *Die Kerkblad* en *Die Gereformeerde Vroueblad* sal daar 'n baie kort opsomming van elke artikel in populêre taal gepubliseer word. *Die Kerkblad* sal dit soms bo die betrokke artikel plaas en soms almal saam op 'n aparte bladsy. Later met die beoordelingsfase sal besluit word hoe om die opsommings te hanteer.
In 'n poging om:
- te bepaal presies in watter gemeente elke betrokke intekenaar is, sal die inligting op alle rekenings gevra word
- te beplan om verhoogde postariewe te akkommodeer, word die wyksnommer van die betrokke intekenaar gevra.

Die Kerkblad, *Die Gereformeerde Vroueblad* en *Slingervel* sal by PNA-winkels beskikbaar wees. Vir hierdie vergunning bedank ons die eienaars van die PNA-winkels.
Navorsing is gedoen om te bepaal of daar 'n verband tussen die aantal intekenare van die kerklike tydskrifte is, met persoonlike besteebare inkomste, lidmaatsamestelling, verskillende redaksiekommissies, prys van kerklike tydskrifte en onderlinge gesprekke tussen lidmate oor kerklike tydskrifte.
Die resultate dui daarop dat *Die Kerkblad* en *Die Gereformeerde Vroueblad* prysgevoelig is. By al drie kerklike tydskrifte is 'n dominante faktor dat lidmate wat hulle intekening kanselleer, waarskynlik met ander lidmate oor hulle negatiewe sienings oor die betrokke tydskrif praat en dat dit tot verdere kansellasies lei. Dit word aanbeveel dat intekenare aangemoedig word om hul positiewe sienings met ander lidmate te bespreek en dit via hul gemeenteblaadjies aan hul gemeente bekend te maak. Volgens die navorsing behoort *Die Kerkblad*, *Die Gereformeerde Vroueblad* en *Slingervel* respektiewelik met nie meer as faktor 1,1565, 1,43 en 1,3612 van die heersende inflasiekoers verhoog te word nie.

2.6.3.5 Resultate

Dit blyk dat die skerp dalende neiging in intekenare by *Die Kerkblad* vanaf November 1994 gestuit is. Gedurende Januarie 1994 was daar 8 339 Kerkbladintekenare en November 1994 was dit 7 699, terwyl dit in November 1995 7 620 was. Aan die einde van April 1996 was dit 7 696
Die intekenare by *Die Gereformeerde Vroueblad* het vanaf Augustus 1994 begin daal van 6 111 na 6 061 en toe weer begin styg na 6 385 in Mei 1996. Die intekenare van die *Slingervel* was op Januarie 1994 6 973 en op Desember 1995 6 882. Dit styg weer tot 6 934 in Mei 1996. Die *Slingervel* se matige daling wat in die toekoms mag plaasvind, moet gelees word teen die lae geboortekoers en dit raak die groep wat tradisioneel die *Slingervel* lees.

2.6.4 Slot
Hoewel daar by die Bemarkingskomitee aandag aan alle kerklike tydskrifte gegee word, moet aanvaar word dat beide *Die Gereformeerde Vroueblad* en *Slingervel* besondere gerigte markte het. Heelwat aandag en energie word aangewend om die intekenare by *Die Kerkblad* te verhoog. Ervaring wat hier verkry word, word met die redaksies van *Die Gereformeerde Vroueblad* en *Slingervel* gedeel

'n Groot probleem in die toekoms gaan wees die finansiële posisie van sowel potensiële as werklike intekenare. Daarmee saam sal die hoër verspreidingskoste en drukkoste nie die finansiële aspekte tot voordeel strek nie. Hiermee saam mag die getal lidmate asook die ouderdomsamestelling van Gereformeerdes ook 'n effek op die intekenaartal van die kerklike tydskrifte hê.

Besluit: Kennis geneem van pte.2.5.1 tot 2.6.4.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 *Begroting 1 Julie 1994 - 30 Junie 1997*
Die begroting is aangeheg.

Besluit: Kennis geneem.

3.2 *Dank en oorkonde aan prof. Buys*
Staande die Sinode dank betuig word aan prof. Buys en 'n oorkonde aan hom oorhandig om die 30 jaar van sy Redakteurswerk by die *Slingervel* te vier.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 *Dank aan Redaksiekommissies*
Die Sinode spreek sy dank uit vir die werk van die kerklike tydskrifte se Redakteurs en Redaksiekommissies en in die besonder aan die verskillende Redaksiekommissies van *Die Gereformeerde Vroueblad* oor 50 jaar se uitgawes.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 *Deputate word aangewys*
3.4.1 Hulle moet toesien dat die kerklike tydskrifte gereeld verskyn en alles in verband daarmee te reël.
3.4.2 Hulle hou in ooreenstemming met die goedgekeurde redaksionele beleid van die verskillende tydskrifte, toesig oor die werksaamhede van die verskillende Redaksiekommissies en Bemarkingskommissie.
3.4.3 Hulle oefen beheer uit oor alle finansies van die tydskrifte en dra sorg vir die versorging/vergoeding van die betrokke funksionarisse.
3.4.4 Hulle skakel voortdurend met kerkrade en meerdere vergaderings in belang van die tydskrifte en neem besluite van vorige Sinodes hieroor in ag.

3.4.5 Om die volgende moontlikhede en uitvoerbaarheid daarvan te ondersoek:
3.4.5.1 Bekendstelling van Kerklike Tydskrifte op Internet.
3.4.5.2 Plasing van kort temas en flitsinligting oor gereformeerdes uit ander lande.
3.4.5.3 Dat die te benoeme Deputate die werkslas op die Redaksiekommissie ondersoek en oplossings implementeer.

Besluit: Punt 3.4 word goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

E. AANVULLENDE RAPPORT DEPUTATE VIR KERKLIKE TYDSKRIFTE

1. Opdrag

Vergelyk Acta 1994:631-639, veral 1994:637-639.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 *Algemeen*

2.1.1 Stygende posgeld het 'n negatiewe effek op pogings van die Deputate om kostes van die tydskrifte so laag moontlik te hou. Ander verspreidingsmoontlikhede as om dit direk aan lesers te pos, word ondersoek (kyk Bylae A).

2.1.2 Daar bestaan 'n behoefte by verspreidwonendes aan eredienste wat op band opgeneem is. Die Redaksiekommissie van *Die Gereformeerde Vroueblad* het inisiatief geneem met 'n projek genaamd *Kanselklanke* om aan hierdie behoefte te voldoen. Tydens eredienste word preke op band opgeneem en gratis beskikbaar gestel en na die Administratiewe Buro gepos. Die bande word gedupliseer volgens behoefte en op aanvraag versprei aan verspreidwonendes of wie dit nodig het. Die koste aan verspreiding beloop tans R8 per kasset. Daar is reeds 'n paar kassette en donasies ontvang.

2.1.3 Daar word werk van gemaak om die kerklike tydskrifte by boekhandelaars soos Lux Verbi, CUM, Protea en PNA beskikbaar te stel.

2.2 *Die Kerkblad*

2.2.1 Vir die doel van setwerk word die rekenaar opgegradeer en illustrasiediskette aangekoop. R32 000 per jaar word gespaar deurdat die drukkers nie meer die setwerk hoef te doen nie. Die skandeerder van die Administratiewe Buro is tot mev. Fourie se beskikking gestel.

Besluit: Kennis geneem van pte.2.1.1 tot 2.2.1.

2.2.2 Die werkslas van proff. Jordaan en De Bruyn - vanweë hulle betrokkenheid by die kerklike tydskrifte - is met die Kuratorium van die Teologiese Skool bespreek, met die versoek dat daar gekyk word na 'n moontlike herverdeling van die werksverpligtinge van die

professore (kyk Bylae B). Intussen is verneem dat professor Jordaan wel van begin 1997 af losgemaak word van sy verpligtinge by Departement Grieks waarmee sy aanvanklike opdrag by die Teologiese Skool weer genormaliseer word

Besluit: 1. Die Sinode neem kennis:

1.1 In die lig van Sinodebesluit 1988:837v, pt.2.1.1, gekoppel aan KO, art.18 was die Kuratorium in beginsel bereid om wanneer die Deputate vir Kerklike Tydskrifte 'n bepaalde professor benodig, om deeltyds as Redakteur van *Die Kerkblad* op te tree en hy daartoe gewillig is, die professor, indien nodig, van 'n deel van sy akademiese werk los te maak.

1.2 Tans is hierdie toegewing egter nie meer prakties uitvoerbaar nie. Die Breë Dagbestuur het in die lig van die werklading van professore geoordeel dat daar nie meer aan professore gedeeltelike losmaking vir die doel verleen kan word nie.

2. Die Sinode besluit:

2.1 Sodra prof. G.J.C. Jordaan nie meer sy weg oopsien om verder as Redakteur van *Die Kerkblad* op te tree nie en dit nie vir enige professor moontlik is om in ooreenstemming met die betrokke Sinodebesluit die werk te behartig nie, die Deputate vir Kerklike Tydskrifte versoek word om die moontlikheid te oorweeg om 'n emeritus-predikant of -professor in die pos van Redakteur te benoem.

2.2 Sodanige benoeming hang af van die beskikbaarheid van 'n geskikte persoon. Gesondheid, liggaamskragte en gawes speel hierin 'n belangrike rol.

2.3 Prof. Jordaan word bedank vir die ruim vyf jaar waarin hy op uitnemende wyse leiding met sy redaksionele werk gegee het. Daar is groot waardering vir sy onvermoeide ywer om ongeag sy normale werksprogram daarin te kon slaag om *Die Kerkblad* as 'n waardige blad daar te stel.

2.4 Prof. P.J. de Bruyn word bedank vir sy onvermoeide ywer waarin hy as Voorsitter van die Redaksiekommissie *Die Kerkblad* gedien het.

2.5 Die hulp-redakteur mev. J. Fourie word bedank vir toegewyde werk.

2.6 Die te benoemde Deputate vir Kerklike Tydskrifte kry opdrag om die werk van die Redakteur en Voorsitter van die Redaksiekommissie vir die toekoms te reël in die lig van bogenoemde besluit.

2.3 *Die Gereformeerde Vroueblad*

Die uitleg van die blad word deur Grafiese Dienste van die PU vir CHO teen 'n tarief van tans R25 per bladsy gedoen en dan op disket aan die drukkers verskaf.

Besluit: Kennis geneem.

2.4 *Die Slingervel*

Die blad word in samewerking met die Redaksie deur mev. Fourie geset en op disket aan die drukkers oorhandig.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Moet van alternatiewe verspreidingswyses van die kerklike tydskrifte gebruik gemaak word

Besluit: Die te benoeme Deputate kry opdrag om die verspreidingsmoontlikhede te ondersoek en die beste werkbare wyse te implementeer.

3.2 Moet aan versoeke voldoen word om *Die Kerkblad* of dele daarvan ook in Engels uit te gee. As Internet aangekoop word (kyk 3.6) sal dit beteken dat dele van die kerklike tydskrifte vertaal word. Vertaalkoste kan geraam word op ± R15 000 per jaar. Dit kan nie aan die intekenare deurgegee word nie.

Besluit: Deputate ondersoek die moontlikheid van vertaling met inagneming van die feit dat intekengeld nie verhoog word nie.

3.3 Goedkeuring word gevra om borge (w.o. individue en diakonieë) te kan werf vir lidmate wat nie kerklike tydskrifte kan bekostig nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 Die administrasie van die *Kanselklanke*-projek word in medewerking met die benoemde Deputate aan die Administratiewe Buro opgedra om dit te behartig. Die addisionele koste van die projek moet deur die projek self bekostig word.

Besluit: Goedgekeur.

3.5 Met die huidige reëling oor die aantal kollektes per jaar vir *Die Kerkblad* voortgegaan word.

Besluit: Goedgekeur.

3.6 Die kerklike tydskrifte kan teen 'n geraamde (by benadering) koste van ± R200.00 per maand ook op Internet beskikbaar gestel word. Wanneer die Internet-modem aangekoop is, word onmiddellik ook oor faks- sowel as E-posfasiliteite beskik. Dit kan weer lei tot besparing op ander gebiede, veral as die Administratiewe Buro sowel as die Teologiese Skool aan Internet gekoppel is. Gesien teen die agtergrond van verhoogde poskoste, kan die E-posfasiliteit met groot sukses in terme van massapos gebruik word. Ook wat advertensies betref, kan die groter blootstelling daartoe lei dat 'n groter inkomste aan advertensies gegenereer word, wat kan bydra tot die dra van die maandelikse subskripsie van Internet.

Besluit: Goedgekeur.

3.7 Aanbevelings oor opdragte aan nuwe Deputate
3.7.1 Gee uitvoering aan sake soos besluit deur die Sinode oor die kerklike tydskrifte.

Besluit: Goedgekeur.

3.7.2 Stel vas hoe in die toekoms met *Ons Bondsjeug* gehandel moet word.

Besluit: Die Deputate ondersoek die moontlikheid om die *Bondsjeug* as aparte bylaag in *Die Kerkblad* te plaas.

F. OORKONDE AAN PROF. P.W. BUYS

Prof. en mev. P.W. Buys word in die vergadering verwelkom. Die Voorsitter bring hulde aan prof. P.W. Buys vir sy waardevolle en onbaatsugtige werk aan *Die Slingervel*, waarvan hy reeds vir dertig jaar die Redakteur is. ‘n Oorkonde word aan hom oorhandig. Prof. Buys spreek woorde van hartlike dank.

24.6 RAPPORT VAN DEPUTATE KERKORDEBOEKIE (Artt.103, 164)

A. Ds. A.Z. Pelser stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Publikasies.
C. Ds. T.J. Potgieter rapporteer namens die Kommissie.

D. RAPPORT:

1. Opdrag

1.1 Om die Handelinge van hierdie Sinode na te gaan met die oog op moontlike wysigings, byvoegings en weglatings aan die gegewens in die Kerkordeboekie/-lêer
1.2 Om die Kerkordeboekie/-lêer so gou as moontlik te laat druk, nadat 'n behoeftebepaling gedoen is
1.3 Om moontlike wysigings, byvoegings en weglatings wat uit die Handelinge van Nasionale en Algemene Sinodes mag voortspruit in die Kerkordeboekie en/of Kerkordelêer, so gou as moontlik op datum te bring (Acta 1994:639-641).

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake vir kennisname

2.1 Die Deputate het **alle** Handelinge van Nasionale en Algemene Sinodes nagegaan, en alle moontlike wysigings, byvoegings en weglatings gekontroleer en op datum gebring.
2.2 Die Reglemente van die Pensioenfonds en die van die Emeritaatsfonds is ook van daardie betrokke Deputate aangevra, maar tot op datum is dit nog nie gereed nie.
2.3 'n "Inleiding op die Kerkorde" (as voorwoord), deur prof A. le R. du Plooy, is ook verkry.

2.4 Die Deputate het, volgens opdrag, aan elke Kerkraad 'n skrywe gerig om die omvang van die oplaag Kerkordeboekies/-lêers te bepaal. Kerkrade het gereageer en 1 408 Kerkordeboekies en 260 Kerkordelêers is bestel.
2.5 Kwotasies is ook deur die Deputate ingewin om die oplaag te druk.
2.6 Die hele bundel is op rekenaarstiffie geplaas om drukwerk te vergemaklik en te bespoedig. Daar is ook besin, op navraag van die Dagbestuur van die Administratiewe Buro, om die KO-boekie op stiffie aan Kerke beskikbaar te maak. U Deputate het gemeen dat die Sinode hom eers sal moet uitspreek oor kopiereg van die KO-boekie op rekenaarstiffie.
2.7 Alles wat die Sinode dus aan hierdie Deputate opgedra het, is afgehandel en die stukke was persklaar.
2.8 'n Begroting vir die drukwerk is toe aan die Administratiewe Buro voorgelê (kyk Bylaes).
2.8.1 Op die skrywe van die Deputate is aan ons berig dat ons nie kon voortgaan met die uitvoering van ons opdrag nie, aangesien die Dagbestuur van die Administratiewe Buro van mening was dat daar nog 'n groot voorraad **ou** Kerkordeboekies op die rak is en dit eers van die hand gesit moet word en/of dat dit eers opgebruik moet word. Daar is ook die gedagte deur die Dagbestuur uitgespreek om die bestaande voorraad ou boekies te sny en in lêers te plaas. Dit sal insiggewend wees om van die Dagbestuur te verneem hoeveel **ou** boekies die afgelope drie jaar wél verkoop is.
2.8.2 Op hierdie skrywe van die Dagbestuur het u Deputate gereageer deur
2.8.2.1 Kennis te neem van die huidige **ou** voorraad Kerkordeboekies. Ons was van mening dat die ou boekies **nie** meer op datum is nie, aangesien baie wysigings en byvoegings plaasgevind het, en dat, om dit op te sny en in lêers te plaas, nie haalbaar is nie
2.8.2.2 Die Dagbestuur verhinder nou die uitvoering van hierdie Deputate se opdrag deur die Sinode
2.8.2.3 Kerke sit en wag op die nuwe formaat Kerkordeboekies/-lêers wat hulle bestel het.
2.8.3 Op 'n volgende skrywe het die Dagbestuur steeds nie die druk van die nuwe Kerkordeboekie /-lêer goedgekeur nie.
2.9 Die Deputate het toe 'n skrywe in *Die Kerkblad* geplaas waarin ons aan elke Kerkraad berig dat die druk en verspreiding van die **nuwe** Kerkordeboekie/-lêer nie sal kan geskied nie.
2.10 Die Deputate het ook 'n skrywe ontvang van die Administratiewe Buro oor die Kerkorde in Engels. Daar bestaan blykbaar nie so 'n vertaling nie. Ons het kwotasies ingewin vir die moontlike vertaling van die Kerkorde in Engels, wat R450 sal

beloop. Hierdie prys is **slegs** vir die vertaling van die 86-artikels van die Kerkorde.

Besluit: Kennis geneem van die hele punt 2.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Baie werk is gedoen en alle Bylaes, wysigings, byvoegings en weglatings is beskikbaar op rekenaarstiffie.

Aanbevelings:

3.1.1 Die Sinode besluit om voort te gaan met die druk daarvan.

Besluit: Dat voortgegaan word met die druk daarvan.

3.1.2 Die Sinode spreek hom uit oor **kopiereg** van die KO-boekie.

Besluit: Dat die kopiereg van die rekenaarstiffie by die Admin. Buro gevestig word.

3.2 Kerkrade het reeds bestellings geplaas en is in afwagting op die nuwe stuk.

Aanbeveling: Die Sinode besluit om dit aan kerkrade beskikbaar te stel volgens bestelling.

3.3 Daar kan oorweging geskenk word of voortgegaan moet word met die vertaling van die Kerkorde in Engels.

Besluit: Dat met die vertaling van die Kerkorde in Engels voortgegaan word, maar dan nie net die 86 Kerkorde-artikels nie, maar wel die nuwe KO-boekie/-lêer met al die wysigings, byvoegings en weglatings uit die Handelinge van Nasionale en Algemene Sinodes (pte.3.2 en 3.3).

4. Opdrag aan benoemde Deputate

Die Sinode benoem weer Deputate met die volgende opdrag:

4.1 Die vorige opdrag word gekontinueer sodat die nuwe Kerkordeboekie/-lêer gedruk sal word.

4.2 Die bestellings deur Kerkrade geplaas, word uitgevoer.

4.3 Om die vertaling van die Kerkorde in Engels uit te voer soos besluit in pt.3.2 en 3.3 hierbo.

4.4 Dat voortgegaan word met die druk van die rekenaarstiffie.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig (wysigings reeds aangebring - Deputate Handelinge).

24.7 RAPPORT VAN DEPUTATE RADIO EN TELEVISIE-UITSENDINGS (Artt.104, 172, 173)

A. Die Voorsitter verwelkom ds. Francois Theron van die SAUK in die vergadering.

B. Ds. D. Laufs stel die Rapport.

C. Ds. Theron spreek die vergadering toe en word deur ds. Laufs bedank.

D. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Publikasies.

E. RAPPORT:

1. Opdrag (Acta 1994:647, 4.3)

1.1 Reël in samewerking met die SAUK die uitsending van Gereformeerde eredienste, kerknuus en deelname aan godsdienstige programme oor Radio en TV.
Indien die godsdienstige beleid van die SAUK verander, moet dit getoets word soos in 4.3.3.1 en 4.3.3.2.

1.2 Gaan voort met die werk by *Radiokansel*. (Vergelyk ook die opdrag in die Rapport van die Deputate vir Evangeliseringsmedia.)

1.3 Hanteer die kontak met enige gelisensieerde sender(s) en amptelike uitsaai-organisasie deur:
"4.3.3.1 Eers 'n voorgelegde beleidstuk oor godsdiensuitsendings van die betrokke instansies te toets aan Skrif en Belydenis en betrokke Sinodebesluite
4.3.3.2 In die lig van hierdie bevindinge verdere aandag te gee aan die mees sinvolle kontak en samewerking met die betrokke instansies
4.3.3.3 Volledig met betrekking tot 4.3.3.1 hierbo aan die volgende Sinode te rapporteer:

1.4 Sien toe dat kerknuus steeds versamel en deurgegee word.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake vir kennisname

2.1 Deur die loop van die termyn is ses vergaderings gehou.

2.2 In die tussentyd is telefonies en met faksimilieë kontak gehou, sake behandel en ook afgehandel.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 Daar kon steeds elke jaar sedert 1994 tot en met 1996 tien eredienste deur Gereformeerde predikante uit Gereformeerde Kerke oor die radio uitgesaai word. Hiervoor moet besondere dank aan ds. Francois Theron (Bestuurder Godsdiensprogramme SABC) betuig word. Sonder sy rigtinggewende voortsetting van die werk, sou hierdie uitsaairooster nouliks in baie moeilike tye gehandhaaf kon word.

Besluit: Kennis geneem met besondere dank aan ds. Francois Theron vir sy samewerking.

2.4 In die algemeen is daar ook genoegsaam van Gereformeerde predikante tydens oggend- en aandoordenkings oor die radio gebruik gemaak. Daar is ook, waar dit moontlik was, van Gereformeerde predikante gebruik gemaak tydens godsdiensgesprekke, soos bv. Fokus op Sondagaande.

2.5 Die termyn is deur groot veranderings gekenmerk. Die ou bestaande SAUK (Radio en TV) met die bekende SAUK-Raad, het verdwyn en is vervang met 'n heel nuwe SABC-opset. U Deputate is deurgaans in hierdie proses geken en verslag hieroor het van tyd tot

tyd as inligtingsartikels in beide *Die Kerkblad* en die *Gereformeerde Vroueblad* verskyn.
2.6 Wat SABC-TV betref is bv. op *Kompas*-uitsendings baie afgeskaal en is die oordenkings wat nog gebeeldsend is, slegs persoonlike uitnodigings van TV-regisseurs bekom.
2.6.1 Verskeie ander TV-opsies, behalwe die reeds bekende Christen-Netwerk TV, het na vore gekom - soos die moontlikheid van 'n nuwe "Afrikaanse TV-betaalkanaal" wat per satelliet sal uitsaai en in die mees afgeleë dele van Suid-Afrika opgevang sal kan word ... en wat waarskynlik teen Oktober 1996 die lig sal sien (*Beeld*, 22 Mei 1996).
2.6.2 Daar is ook reeds ver gevorder met 'n program oor CNW-TV wat beplan word in samewerking met die Berading-Sentrum in Potchefstroom. Die program word beplan met prof. C.J.H. Venter as programleier en sal 'n spesifieke pastorale gerigtheid hê.
2.7 Daar is deurgaans gepoog om leiding en rigting aan Gereformeerde Kerke te verskaf wanneer versoeke oor privaat radiosenders en die wyse waarop samewerking daarmee gesoek is, ontvang is.
2.8 Verskeie navrae en besware wat ontvang is van gemeentes asook persone oor programme asook die nie-betaal van TV-lisensies, is behandel en beantwoord. Prof. Paul de Bruyn het op versoek van die Deputate 'n artikel hieroor in *Die Kerkblad* laat verskyn.
2.9 Dit was baie duidelik en het deur die termyn steeds duideliker geword dat die ou SAUK-bedeling finaal verby is en dat die nuwe SABC-opset 'n totale verandering meegebring het. Die samewerking met nuwe uitsaaiers skyn die pad vir die toekoms te wees.

Besluit: Kennis geneem van pte.2.4 tot 2.9.

3. Sake wat aan die Sinode - in die uitvoering van bogenoemde vier opdragte - vir beoordeling voorgelê word

3.1 *Oor **Opdrag 1** (sien 1.1 hierbo) en **Opdrag 4** (sien 1.4 hierbo)*
3.1.1 Die jaarlikse tien eredienste (vyf oggend- en vyf aanddienste) is volgens streke toegeken. Dit het meegebring dat leraars oor die hele land eredienste kon uitsaai. As gevolg van finansiële besnoeiing, moes die uitsendings rondom die hoofsentra plaasvind.
3.1.2 Daar is deurgaans gepoog om nuwe (jonger) leraars aan te moedig om die skolingskursusse wat deur prof. C.J.H. Venter by die PU vir CHO aangebied is, by te woon.
3.1.3 Dit moet ongelukkig opgemerk word dat onder die nuwe bedeling by die SABC die reaksie op skrywes en versoeke van ons kant nie altyd stiptelik beantwoord is nie.
3.1.4 Wat kerknuus aanbetref het daar 'n merkbare verbetering ingetree nadat die program *Kollig op die Kerk* al meer die karakter van die weeksoggende se aktualiteitsprogramme aangeneem het. Dit

was opvallend dat al meer vrymoedigheid en meewerking van die kant van gemeentes ervaar is.

3.1.5 Wat die godsdienstige beleid van die SABC betref: dit dien gemeld te word dat dr. J.L. Venter reg aan die begin van die termyn deur die Deputate in die plek van dr. C.J. Malan as ons verteenwoordiger by die SABC benoem is. Hy het verskeie vooraf-vergaderings bygewoon totdat op die ou end die sub-komitee vir Godsdiensaangeleenthede in die lewe geroep is.

Besluit: Kennis geneem van pte.3.1.1 tot 3.1.5.

3.1.6 Dit is belangrik dat onder die aandag van die kerke gebring word dat die uitsaaityd wat by die Radio aan die Gereformeerde Kerke beskikbaar gestel is, ONVERANDERD gebly het. Dit is slegs by TELEVISIE waar dit uitsaaityd aan Gereformeerde Kerke drasties besnoei is. Daarom moet nuwe geleenthede, soos beeldsaaityd oor die nuwe Christen-Netwerk TV (kyk 2.6.1 hierbo) met alle mag benut word.

Besluit: Met spyt kennis geneem.

3.1.7 Aangaande die direkte onderhandelinge met die ou SAUK oor die nuwe uitsaaibeleid wat saamgestel is, het u Deputate reeds met dr. Josua Potgieter op 24 Februarie 1994 indringende samesprekings gevoer. Op daardie stadium was dit reeds duidelik dat ingrypende veranderinge in die vooruitsig gestel is.

Besluit: Kennis geneem.

3.1.8 Kort hierna het u Deputate kennis gekry dat 'n nuwe Godsdienskomitee in die lewe geroep is. Dit was ontstellend om te verneem dat slegs ds. P.J.C. Loots (NG-Kerk), en dr. Isak Burger (AGS) uit die Afrikaanse hoofstroomkerke op hierdie komitee benoem is.

Besluit: Met spyt kennis geneem.

3.1.9 U Deputate het op 2 Mei 1994 'n volle vergadering aan die nuwe Godsdiens-uitsaaibeleid gewy en hieroor is volledig skriftelik aan die Godsdienskomitee gerapporteer. Nodeloos om te sê dat hiervan nie enigiets tereggekom het nie.

3.1.10 Gedurende November 1994 het u Deputate dr. J.L. Venter vir aanstelling op die Paneel vir Godsdiensuitsendings aanbeveel en 'n volledige CV deurgestuur. Ook hiervan het niks gekom nie.

3.1.11 Gedurende Mei 1995 het u Deputate ernstige beswaar teen die samestelling van die Godsdienspaneel ingebring. Die oorwig Moslem-verteenwoordiging het nie die spektrum van godsdienste weerspieël nie. Ook hierdie beswaar het geen merkbare effek gehad nie.

3.1.12 U Deputate het die kerkverband deurgaans hiervan op die hoogte gehou deur artikels wat in *Die Kerkblad* gepubliseer is.

3.1.13 'n Belangrike verwikkeling wat deur u Deputate tydens die vergadering van 23 Mei 1996 gehanteer is, is 'n brief wat deur dr.

P.J.C. Loots, voorsitter van die Sub-komitee vir die Christendom, as onderdeel van die Godsdiensuitsaaipaneel aan die Gereformeerde Kerke gerig. In hierdie brief word die GKSA versoek om "name van potensiële aanbieders aan ons deur te gee vir voorlegging aan die SAUK. Naas die gesoute aanbieders sal ons nuwe bloed verwelkom." U Deputate het besluit om van prof. C.J.H. Venter die volledige lys van alle Gereformeerde predikante wat as aanbieders vir Radio en TV opgelei is, aan te vra sodat dit aan dr. P.J.C. Loots beskikbaar gestel kan word.

Besluit: Kennis geneem van pte.3.1.9 tot 3.1.13.

3.2 ***Opdrag 2*** *(sien 1.2 hierbo)*

3.2.1 Ds. L.D. Aucamp wat u Deputate se verteenwoordiger by *Radiokansel* was, het toegesien dat ten minste een diens elke twee maande uit die Gereformeerde kerkverband oor hierdie sender uitgesaai is.

Besluit: Met dank kennis geneem.

3.2.2 Ds. Aucamp is ook versoek om ten minste sewe Gereformeerde Kerk-leraars met spesifieke opdragte vir uitsending oor *Radiokansel* te nader.

Besluit: Kennis geneem.

3.3 *Opdrag 3 (sien 1.3 hierbo)*

3.3.1 U Deputate moes reeds vroeg in die termyn 'n volledige beleidstuk van Radio Pretoria beoordeel nadat Radio Pretoria kontak met u Deputate gemaak het. Daar was van hulle kant die versoek om ook die GKSA se kerknuus oor hulle sender uit te saai. Op 23 Mei 1996 is 'n nuwe Reglement van die Beheerraad van Radio Pretoria-Netwerk aan die Deputate vir beoordeling voorgelê. Die vergadering het niks wat onskriftuurlik is in hierdie Reglement gevind nie. Die vergadering het ook kennis geneem van 'n besoek wat deur die Deputate aan ds. Mossie van den Berg van Radio Pretoria gebring is. Vrugbare bespreking is gevoer oor die moontlike amptelike samewerking in die toekoms. Daar is ook kennis geneem dat ds. S.A. Cilliers van Silverton tans nie-amptelik die Gereformeerde Kerke op hierdie Beheerraad verteenwoordig.

Besluit: Die optrede van die Deputate word goedgekeur. Die Sinode neem ook kennis dat ds. S.A. Cilliers van Silverton, die Gereformeerde Kerke by Radio Pretoria-Netwerk verteenwoordig en volgens hom word 25% van godsdiensuitsendings op Radio Pretoria-Netwerk deur Gereformeerde predikante en lidmate behartig. Die Sinode neem verder kennis dat ds. A.H. Klopper van Kroonstad die godsdiensorganiseerder van Radio Volkstem (vir die Goudvelde) is.

3.3.2 Oor Christen-Netwerk TV, waarvan die vorige Sinode reeds kennis geneem het, het dr. P.P. Kruger deurgaans u Deputate op

hoogte gehou en die jongste stand van sake is as volg: Sedert sy ontstaan in 1992 het hierdie organisasie pragtig gegroei. Tans is veertien "Hoofstroom" - Protestantse Kerkgemeenskappe as lede by CNW-TV ingeskakel.
CNW-TV is 'n onafhanklike nutsmaatskappy wat met die buitengewone ondersteuning van M-Net tans ses uur uitsaaityd per week op M-Net se Gemeenskapsdiens-Netwerk (GDN) vanaf 17:00 tot 18:00 elke Sondag en 06:00 tot 07:00 elke werksdag bekom het.
Sedert die ontstaan van hierdie organisasie het dr. Paul Kruger op die Uitvoerende Komitee gedien. Dit het meegebring dat die GKSA 'n direkte inspraak in die keuring en beoordeling van teologiese programme bekom het.
Om meewerkende lid van CNW-TV te wees, bring vir die GKSA **geen** finansiële verpligting mee nie. Die fondse kom uit advertensie-verkope asook skenkings van Christene en die borg van spesifieke programme waardeur die bedryfsuitgawes gedelg word.
Die GKSA kan op verskillende maniere meer by CNW-TV betrokke raak, soos deur gereelder berigte in ons kerklike tydskrifte te laat verskyn. Voeg hierby dat, hoe meer daar uit die GKSA terugvoer oor programme kan kom, hoe meer sal dit die inspraak van die GKSA-verteenwoordiger versterk.
Die moontlikheid dat die GKSA 'n programreeks *kosteloos* kan laat beeldsend, is baie sterk (vgl. 2.6.2 hierbo). Dit sal op weeksdae kan plaasvind. Dit sou 'n veel beter opsie wees as dat die GKSA kyktyd sou moet koop teen ± R635.00 per minuut.

Besluit: Goedgekeur.

4. Aanbevelings

Benoem weer Deputate met die volgende opdrag:
4.1 Reël in samewerking met die SABC en gelisensieerde Uitsaaiers met wie amptelike samewerkings-ooreenkomste bestaan, die uitsending van Gereformeerde eredienste, kerknuus en deelname aan godsdiensprogramme oor Radio en TV.
4.2 Gaan voort met die werk by *Radiokansel*.
4.3 Deputate word versoek om 'n sinvolle en werkbare samewerkingsmetode met Radio Pretoria-Netwerk op die been te bring en indien soortgelyke Streek-uitsaaidienste ook samewerking versoek, hulle op 'n soortgelyke wyse as Radio Pretoria-Netwerk te hanteer.
4.4 Dit word aanbeveel dat ds. S.A. Cilliers van Silverton een van die Deputate sal wees.
4.5 Enige ander opdragte wat uit die Sinode gegee mag word.

Besluit: Goedgekeur.

F. AANVULLENDE RAPPORT DEPUTATE RADIO- EN TV-UITSENDINGS

1. Sake vir kennis name

1.1 Prof. G.J.C. Jordaan, redakteur van *Die Kerkblad*, verteenwoordig die Gereformeerde Kerke by die Christen Netwerk-Media (CNW-Media).

1.2 Wat godsdiensuitsendings oor die senders van die Afrikaanse diens (Radio Sonder Grense) van die SAUK betref, ontvang die Gereformeerde Kerke nog 'n pro-rata deel.

1.2.1 Dit word onder die aandag gebring dat in 'n program soos "Die Bybel in ons lewe", van vakkundiges eerder as "Kerke verteenwoordigers" gebruik gemaak word.

1.3 Die Gereformeerde Kerke het egter weinig kontak en inspraak met by die SABC-TV. Name van Gereformeerde predikante is wel, op versoek, aan die Subkomitee Vir Die Christendom van die Godsdiensuitsaaipaneel voorgelê - beide vir TV en Radio-uitsendings.

1.4 Christen Netwerk (CNW) is die sender wat oënskynlik die grootste potensiaal vir groei toon.

1.5 'n Afrikaanse betaalkanaal vir TV lyk nie asof dit van die grond af kom nie.

1.6 Streekradiodienste begin 'n al belangriker rol speel en moet so intensief moontlik benut word.

1.7 Die toekoms van Radiokansel-uitsendings op FM is in die weegskaal. Mediumgolfuitsendings sal egter voortgaan.

1.7.1 Met groot dank word vermeld dat Radiokansel in 'n ruim mate van Gereformeerde predikante vir kerkdienste en ander godsdienstige uitsendings gebruik maak.

1.8 In verband met 'n versoek tot medewerking deur die nuwe "Uplink-TV" is 'n afwagtende houding ingeneem.

Besluit: Kennis geneem van hele punt 1.

2. Sake vir besluit

2.1 Aan ds. Francois Theron, Bestuurder Godsdiensprogramme SAUK-Radio, word kennis gegee wanneer finale besluite oor die Radio en TV-Rapport geneem word en dat hy uitgenooi word om teenwoordig te wees en kortliks die Sinode toe te spreek.

Besluit: Kennis geneem.